13. Die verdeling van die land. Josua sterf

Josua 11 - 24 en Rigters 1 en 17 - 21

By God is daar plek vir sy volk

Die Here gee vir elke stam 'n plek om in te woon. Die gebied wat elke stam ontvang, moet aan Hom gewy word. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Die Here se volk moet afgesonderd, dit is geheilig leef.
- Ware godsdiens is om aan God gehoorsaam te wees.
- Die Here verafsku en straf afgodsdiens.

Die verdeling in Gilgal

By twee geleenthede word die land Kanaan onder die stamme van Israel verdeel. Die eerste by Gilgal en die tweede by Silo. Josua, die hoëpriester Eleasar, en die oudstes van die volk kom byeen by Gilgal om die land te verdeel. Dit doen hulle deur die lot te werp.

Die verdeling van die gebied oos van die Jordaan skep geen probleme nie. Moses het reeds die gebied tussen Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse verdeel, omdat hulle veeboere is en die streek goeie weiding vir hul vee het. Hulle moet egter eers die ander stamme help om die res van Kanaan te verower, voordat hulle hul kan vestig en begin boer.

Die stam van Juda is die volgende aan die beurt. Hulle ontvang die gebied wes van die Dooie See tot by die Middellandse See. Die gebied verder noord, tussen die Jordaanrivier en die Middellandse See, word aan Efraim gegee. Die bergagtige gedeelte net noord van Efraim word weer aan die ander helfte van Manasse gegee. Hulle kla by Josua omdat die grond wat hulle gekry het, nie geskik is om op te boer nie. Josua raai hulle aan om die Kanaaniete wat in die berge en klowe woon, te verdryf en dan die bosse daar uit te kap. Sodoende sal hulle genoeg grond hê.

Die verdeling in Silo

Die eerste vyf stamme het nou hul grondgebied ontvang. Die verdeling van die res van die land vind in Silo plaas. Josua stuur verkenners om die gebied te verken wat nog verdeel moet word. Sodra die verkenners terugrapporteer, sal die gebied tussen die oorblywende stamme verdeel word.

Die gebied word soos volg verdeel: Benjamin ontvang die gebied langs die Jordaan tussen Juda en Efraim. Suid van Juda tot teen die Middellandse See lê die gedeelte wat Simeon ontvang. Nadat die lot weer gewerp is, word die gebied suidoos van Fenisië aan die stam van Sebulon gegee. Die gebied tussen Sebulon, Manasse en die Jordaan word aan Issaskar gegee. Noord van Sebulon en oos van Fenisië lê die gebied wat deur die stam van Aser in besit geneem word. Naftali ontvang die streek tussen Aser en Sebulon in die weste en die Jordaan in die ooste. Die gedeelte tussen Efraim, Benjamin, Juda en die Middellandse See word laastens aan Dan gegee. Die land is nou verdeel tussen elf stamme van Israel. Elke stam kry die opdrag om die oorblywende Kanaaniete in sy grondgebied uit te roei.

Die Leviete ontvang geen grondgebied nie. Hulle moet hul lewe aan die werk van die Here wy en het dus geen grond nodig wat hulle moet bewerk nie.[100] God self is hul erfdeel. Hulle ontvang wel 48 stede en verder moet die volk ook tiendes aan hulle betaal om in hul onderhoud te voorsien.

Verdere verdeling

Weerskante van die Jordaan is daar drie vrystede. Hierheen kan 'n persoon vlug wat iemand anders per ongeluk doodgemaak het. Wanneer die hoëpriester sterf, kan die persoon weer na sy stad of dorp terugkeer sonder om bang te wees dat die oorledene se familie hulle op hom sal wreek.

God gee ook aan twee persone hul eie grondgebied. Die eerste een is Kaleb, wat as spioen volgehou het dat die Israeliete die land Kanaan moet verower, soos die Here gesê het. Hy ontvang 'n stuk grond met baie fonteine daarop by Hebron in Juda. Die tweede persoon is Josua self. Hy ontvang die stad Timnat-Serag in Efraim waar hy tot sy dood gewoon het.

---

100 Num. 18: 23 Maar die Leviete, dié moet die dienswerk by die tent van samekoms verrig, en húlle moet hul ongeregtigheid dra — 'n ewige insetting in julle geslagte. En onder die kinders van Israel moet hulle geen erfdeel kry nie.

Die oprigting van die altaar oos van die Jordaan

Nadat die land verdeel is, trek die stamme van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse terug na hul eie grondgebied. Hulle neem die buit, wat Josua onder al die stamme verdeel, met hulle saam. Oos van die Jordaan bou hulle 'n altaar as 'n gedenkteken vir hul nageslag. Die res van die Israeliete is hieroor ontsteld aangesien niemand 'n altaar op 'n ander plek as by die tabernakel mag oprig nie.

Tien familiehoofde uit Israel word na Gilead gestuur om oor die saak te gaan praat. Hulle beskou die drie stamme se optrede in 'n baie ernstige lig. Hulle beskuldig die drie stamme daarvan dat hulle ontrou is en van die Here afvallig word. Hulle sonde sal maak dat die Here vir die hele volk kwaad word.

Die mans van die drie stamme sê met nadruk dat dit nie hul bedoeling is nie. Hulle het dit juis gedoen omdat hulle bekommerd is dat hul afgesonderdheid hulle van die ander stamme sal vervreem. Die moontlikheid bestaan dat die stamme wes van die Jordaan hulle sou beskou as 'n groep wat geen deel aan die Here het nie en dat dit sou beteken dat die stamme oos van die Jordaan die Here nie langer sal bly dien nie. Om dit te verhoed, het hulle die altaar gebou. Die altaar is nie gebou om op te offer nie, dit herinner net die drie stamme daaraan dat die Here hul God is.

Met dié antwoord is die stamme wes van die Jordaan tevrede. Die hele Israel dien eensgesind die Here.

Die einde van die lewe van Josua

'n Ruk later roep Josua die hele Israel bymekaar om hulle toe te spreek. Hy vertel dat hy gaan sterf en daarom waarsku hy die volk om alles te doen wat in die wetboek van Moses staan. Hulle moet die Here hulle God liefhê en nie met die nasies meng wat saam met hulle woon nie. As hulle dit wel doen, sal die Here hierdie nasies nie langer voor hulle uit verdryf nie, en dan sal hierdie nasies vir Israel 'n groot probleem veroorsaak.

Josua is 110 jaar oud toe hy sterf. Hy word begrawe op die grond wat die Here aan hom gegee het. Josua wys heen na Jesus Christus. Josua se naam dui net soos Jesus se naam op verlossing. Josua verlos Israel van hul swerftog in die woestyn deur hulle in die beloofde land in te lei. Jesus verlos die wat in Hom glo uit die woestyn van hul sonde deur aan die kruis met sy liggaam te betaal.[101]

---

101 Ef. 2: 15 en 16 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.

Voortsetting van die stryd

Na Josua se dood moet die stryd voortgesit word om die beloofde land ten volle in besit te neem. Aanvanklik het dit goed gegaan. Die volk onthou die opdrag wat Josua aan hulle gegee het en dien die Here. Israel het geen koning of keiser soos die ander volke nie. Hulle het ook nie 'n aardse leier nodig nie, want God lei hulle solank hulle Hom dien en sy gebooie onderhou.

Met verloop van tyd raak hulle egter afvallig en elkeen doen wat reg is in sy eie oë. Hulle roei nie meer alle Kanaaniete uit soos God beveel het nie. Sommige stamme onderwerp eerder die Kanaaniete en vorder belastings van hulle in waardeur hulle hul self kan verryk. In ander gevalle bly die Kanaaniete nog in sterk groepe bymekaar en is die Israeliete maar skrikkerig om hulle aan te val.

As gevolg van hul lafhartigheid en eiewilligheid voer hulle nie God se opdrag uit nie, maar verval hulle in sonde. Hulle begin die heidense afgode aanbid. Die beeldjies van die heidene was iets tasbaars en daarom ook baie aantreklik om te aanbid. Met verloop van tyd het baie Israeliete heidense afgodsbeeldjies gekry en in hulle huise gesit. Later begin hulle ook deelneem aan die openbare seremonies ter ere van die heidense afgode. Presies dit waarteen Josua die volk gewaarsku het, gebeur! Die volk vermeng met die heidennasies en is nie meer gehoorsaam aan die Here nie.

Miga en sy heiligdom

Die geskiedenis van Miga is 'n sprekende voorbeeld van die afgodsdiens waarin die volk verval het. Miga is afkomstig uit die berge van Efraim. Sy ma spreek 'n vloek oor hom uit omdat hy geld van haar gesteel het. Miga is bang dat die vloek hom gaan tref en daarom betaal hy gou die gesteelde geld terug. Van die geld neem sy ma 200 sikkels silwer en laat daarmee vir Miga 'n afgodsbeeld bou. Hy sonder 'n vertrek in sy huis vir die beeld af en stel sy seun aan as priester. Die godsdienstige bedrywighede neem egter so toe dat Miga later 'n Leviet wat daar verbytrek, aanstel as priester.

Op 'n dag daag vyf spioene van Dan op. Hulle is op soek na 'n plek waar hulle kan woon, want hulle kan nie daarin slaag om die Kanaaniete uit die stuk grond wat aan hulle toegesê is, te verdryf nie. Die gevolg is dat hulle self moet trek. Hulle is jaloers op die ander stamme se vrugbare grond, groot veekuddes en selfs hul afgode. Die moontlikheid is groot dat die stamme uitmekaar sal spat as God hulle nie soms na mekaar dryf deur hulle te straf nie.

Die spioene gaan tuis by Miga en is beïndruk deur sy rykdom en die afgodediens wat in sy huis beoefen word. Die spioene keer terug na Dan en vertel van Miga se rykdom. Toe die Efraimiete hulle oë uitvee, val 'n leër van 600 Daniete Efraim binne. Die vyf spioene gaan na Miga se huis en neem sy afgode. Hulle neem ook die Leviet met hulle saam om as priester vir die Daniete op te tree.

Hulle trek daarna verder noord tot by Lais. Hierdie gebied is vrugbaar en hulle slaag sonder veel moeite daarin om die volk wat in die gebied woon, te verdryf. Hulle hernoem die stad na hul stamvader Dan en vestig hier hul eie heiligdom.

Gruwel in Gibea

Die Israeliete en Kanaaniete woon in dieselfde gebied en hulle kry baie met mekaar te doen. Hulle begin oor en weer kuier en spoedig trou hulle onderling met mekaar.

Rigters 19 en 20 vertel die verhaal van 'n Leviet uit Efraim wat met 'n meisie uit Betlehem trou. Sy is egter ontrou en gaan na haar ouerhuis terug. Na vier maande wil die Leviet haar terugbring na sy huis; sy stem toe en op pad terug oornag hulle in Gibea, 'n dorp in die gebied van Benjamin.

Die inwoners van Gibea omsingel die huis waarin hulle oornag en eis dat die Leviet moet uitkom, sodat hulle gemeenskap met hom kan hê. Hulle het dieselfde seksuele neiging as die mans van Sodom.[102] Sulke optrede is tekenend vir persone wat nie aan God gehoorsaam is nie, maar hul eie begeertes uitleef.[103] Die persoon by wie die Leviet tuisgaan, wil nie sy gas aan so 'n skandelike daad blootstel nie. Om die probleem op te los stel hy voor dat die mans sy dogter en die Leviet se byvrou neem, maar dit stel hulle nie tevrede nie. Toe stuur die Leviet sy byvrou na die mans uit. Die mans van Gibea het die vrou die hele nag so aangerand dat sy byna sterf. Die Leviet kry haar die volgende môre waar sy voor haar gasheer se huis lê.

---

102 Gen. 19: 5 — En hulle het na Lot geroep en aan hom gesê: Waar is die manne wat vannag na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan beken.

103 Rom. 1: 26 en 27 — Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang.

Dit lyk nie of die Leviet baie bekommerd oor sy vrou is nie, want hy beveel haar om op te staan, sodat hulle verder kan reis. Toe sy nie antwoord nie, merk hy dat sy dood is en laai hy haar op sy esel en vertrek. .

Gevolge van die gebeure in Gibea

Die Leviet is baie kwaad oor wat in Gibea gebeur het. Hy kap sy vrou se lyk in twaalf stukke en stuur die stukke reg oor die land na al die stamme van Israel. Al die Israeliete is geskok oor wat die mans van Gibea gedoen het en besluit om hulle te straf. Met 'n leër van 400 000 man trek Israel teen Benjamin op. Hulle versoek die Benjaminiete om die kwaaddoeners aan hulle uit te lewer, maar hulle weier. Benjamin self maak 'n leër van 26 000 man bymekaar, waarvan 700 goed met 'n slingervel kan gooi. Die Israeliete lei twee keer 'n nederlaag in die gevegte wat volg. Hulle is moedeloos en hartseer oor die gebeure. Hulle offer in Bet-el aan die Here en vra Hom wat hulle moet doen.

Die Here gee die volk 'n bemoedigende antwoord. Israel moet weer teen Benjamin veg. Hulle stel hinderlae op vir die Benjaminiete en sny hulle daardeur af van hul stad. Die Here gee Benjamin oor in die hand van Israel en amper al die manskappe van Benjamin sneuwel. Seshonderd man vlug na die woestyn in 'n poging om hul lewens te red. Die Israeliete roei ook die vroue en kinders van Benjamin uit. Boonop sweer die volk by Mispa dat niemand van hulle sy dogter aan 'n Benjaminiet as vrou sal gee nie. Die 600 mans wat ontvlug het, is dus al Benjaminiete wat oorbly. So word een stam feitlik geheel en al uit Israel uitgeroei.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 306 – 321 en 347 – 354 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 149 – 150 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 203 – 212 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 323 – 324 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 2: Rigters – Hooglied. Pretoria: DBU. 7 - 11 p.